



Hoe om uitnodigingskaartjies (of enige geleentheidskaartjies) te maak

Hier volg 'n paar kreatiewe idees om uitnodigingskaartjies interessant te maak. Herwinningsmateriaal soos weggooi-karton, plastiek, papier, linte en verf kan gebruik word. Die maak van kaartjies skakel by verskeie kentekens in bv. uitnodigingskaartjies na 'n onthaal. Kaartjies kan ook gebruik word vir dankie sê, beterskap toewens en vir verjaarsdae.

Graad: Gr 0 tot 12 | **Onderwerp:** Uitnodiging na ete/onthaal en kaartjies vir spesiale geleentede

Stappe

1. Jy het nodig:

Karton, wit of gekleur, gewone papier, gekleurde papier, riffelkarton, oorskietmateriaal, prentjies uit tydskrifte, koerantpapier en geskenkpapier. Gom, skêre, inkleurpotlode, liniaal en koki-penne.

Enige van: blinkers, oorskiet-lintjies, waterverf, gedroogde blommietjies, saadjies en plakkers (stickers).

2. Stappe om kaartjies te maak:

Gebruik die helfte van 'n A4 (A5)-karton. Vou in die middel. Versier die buitekant van die kaartjie. Die

binnekant moet die inligting/boodskappie bevat. Die boodskap kan geskryf of ingeplak word. Die binnekant van die kaartjie kan ook van 'n teenstellende kleur as die buitekant wees.



Wenke

1. Kaartjies moet vroegtydig gemaak word. Dit gee die gom kans om droog te word.
2. Uitnodigingskaartjies moet betyds uitgestuur word.
3. Bewoording op kaartjies: Die nodige inligting moet aangedui word, bv. by uitnodigingskaartjies: die tyd, datum, plek, drag en wanneer jy moet terug antwoord (RSVP).
4. Maak seker die kaartjies is nie afgeskeep nie. Kinders moet trots wees op hul handewerk wat 'n goeie beeld uitdra.

! Waarskuwing

1. Maak seker dat kinders skêre reg hanteer.
2. Sorg dat daar nie gom, blinkers of enige ander item, wat skade kan aanrig, op meubels en kinders se klere kom nie.

